

INHOUD

BOEKE	
159	Afrikamasutra

FILM	
263	Suid-Afrikaanse Filmbedryf

FOTOGRAFIE	
15	Josie Borain
77	Antonia Steyn
303	Madelene Cronjé
309	Camerazzi
319	Grote Griet!
329	Aardse Oog
335	Staalblomme van die Karoo
366	Een Dag in die Lewe van 'n Soldaat

GEDAGTES	
103	Wanneer is 'n naakte vrou mooi?
23	Superman vs. Sneeuwitjie
27	Hy-sé-sy-sé
31	Noem My liz
85	Letter to Her Majesty
89	Boer Maak 'n Plan
95	Humiliation
103	Gelykenis van die Ryk Slaaf
107	Oewhans Wiet

Ander Afrikaans	111
Eerbare Porno	135
Die Groot O	141
Klas van 1951	163
Vashou is 'n Weelde	167
Mure en Glase	193
Pieter Mulder	199
Kunstenaar as Merk	203
Euritmie	249
Spanning Heers	283
Roger Ballen	299
Terugblik op Drie Drome	363
Kaap na Rio	390
Hillside Tavern	423
Geloof en Wetenskap	451

KORTVERHALE	
Navigating Naomi	149
Bite-Sized Love	155

KOS	
Feestelike Maaltyd	433

KUNS	
Paul du Toit	205
Michèle Nigrini	211

221	Pauline Gutter
227	Skapieseinde
237	Jan van der Merwe
245	Mimi van der Merwe
253	Afrika Burn

LETTERKUNDE	
35	Elmari Rautenbach
115	Skor'okraal
145	Ek Laat My Geel Hart Agter
287	Willem Elsschot
343	Mercia Schoeman Kortverhale
359	Munchausen se Sindroom
427	Koffie?

MUSIEK	
65	Willim Welsyn
71	Paul Rieker
75	Kaapse Affodille
118	Ou Sontjie Sak Mos Weg
267	Profete, Dwerpies en 'n Cherrie

ONTWERP	
177	'n Kerk uit die 1960's
183	Begin by die Begin
441	Suzaan Heyns

PLEKKE	
Sri Lanka	170
Antwerpen	291
Tsjernobil	371
Libië	377
Inhambane	385
Kambodja	395
Woodstock	401
Jewers Nice en Van Hunks	437



POËSIE	
Versindaba	39

PROFIEL	
Afrikaanse Kondome	127
Ramses Shaffy	275
Harry Mulisch	284

SEKS	
Wit VIGS	131

VERSLAG	
Festival voor Afrikaans	123

WYN	
Garagiste	415



Die middel van die somer is

want ek voel hoe die vernedering deur my hele wese trek. Ek staan eers 'n hele ruk by Marietjie verby voordat ek die moed vind om te sê: "En eendag soek ek peper in die supermark en daar staan 'n pakkie lourierblare reg langs die peper!" My hart het geruk by die aanskoue van die vondst! En toe ek mooi lyk staan daar nog nége pakkies netjies in 'n ry agter die eerste een. Ek het skoon van die peper vergeet en met bewende hande al die pakkies in my mandjie gegooi. Oppad kaseregister toe het ek om my rondgekyk of iemand my nie gesien het nie, want dalk was daar 'n beperking op die hoeveelheid wat 'n mens van die eksotiese krui mag koop.

Die vernedering het 'n blywende letsel op my gees gelaat, want later het ek soos 'n aap agtergekom dat lourierblare net so vrylik beskikbaar is soos sout. Ek het dit net nooit in die winkels raakgesien nie, want ek het nooit kon droom dat die unieke blaar in supermarkte te koop sou wees nie.

"Nee", sê ek later, lekker moerig, vir Marietjie toe ek opstaan om te ry, "skoonfamilie is nes lourierblare - simpel enaardig en donnerswil doodgewoon!"

langs haar op die bank neerval, hoor die man skielik 'n diep sug uit Aphrodite se poppebors ontsnap. Hy stamp haar vurig van hom af weg en storm by die studeerkamer uit. Reguit stort toe.

Vir 'n week lank sit die man bedags in sy kantoor en staan na die studeerkamersleutel. Hy wil haar so graag weer sien. Maar hy kan sweer sy het emosie getoon. Was dit sy verbeelding? Was dit 'n traan wat hy nou die dag oor haar wang sien biggel het?

Daardie middag by die huis skink die man eers vir hom 'n stywe dop whiskey by die drankkabinet in die sitkamer. Met die dop in die een hand en die sleutel in die ander, stap hy doelgerig op die studeerkamerdeur af. Hy steek die sleutel in die slot en draai dit knarsend oop. Aphrodite sit in al haar glorie in die laaimiddagson op die bank.

Verruklik, dink die man. Hy neem 'n groot sluk uit die glas en sit dit hard op die lessenaar neer. Dan stap hy doelgerig op haar af. Toe hy bo oor

haar staan, besig om sy gordel los te maak, kyk Aphrodite smekend op. "Kan ons eers gesels?"

Die man steier agteruit. Hy slaan die lamp en whiskeyglas van die lessenaar af dat dit in skerwe spat. In die proses sry hy sy hand oop sodat die bloed uit die diep sry uit pols. Hy kyk met walging na die sry op sy hand en dan na Aphrodite. Hy hardloop na haar toe en kry haar aan haar hare beet. Sy kyk verskrik na hom terwyl die bloed uit sy wond op haar skoot drup en stadig teen haar dy afloop. Dan gooi hy haar op die bank neer.

"Ek het dan 'n vrou!" skreeu hy vir niemand in besonder nie.

Hy vlieg om en hardloop by die studeerkamer uit. In die kombuis grou hy in die messelaai, totdat hy op die vleismes afkom. Mes in hand, hardloop hy terug na waar Aphrodite naak, vol bloed en ineengetrimp in die hoek van die bank sit. Die man storm waarsinnig op haar af en stamp die mes met soveel geweld in haar bors in dat dit die bank agter haar tref.



pornip

"Jy's nie veranderstel om 'n
hart te hê nie!" skreeu hy terwyl
hy haar borskas oopruik en vaskyk
in die ligpienk, byna vleeskleurige
binnewand van die opblaaspopp
voor hom.


21

kort

Madelene Cronjé

TEKS & BEELD: MADELENE CRONJÉ





As gebore en getoë Pretorianer het Madelene Cronjé haar belangstelling in fotografie geërf by haar pa wie 'n geesdriftige amateur fotograaf is. Met die oog daarop om fotojoernalis te word het sy haar fotografie studies begin by die Tshwane Universiteit van Tegnologie.

Tydens haar vier jaar studies het sy vinnig besef dat dokumentêre fotografie van veral arm en minderbevoorregte gemeenskappe haar passie is. Volgens Madelene is fotografie 'n instrument om die omstandighede van sulke gemeenskappe in die kollig te stel en dat die bewusmaking in die breër samelewing hulle situasie moontlik kan bevorder.

"Ek glo mens het 'n verantwoordelikheid om die talent wat mens kry, wat ookal dit mag wees, op een of ander manier moet gebruik om ander mense te help. Dit is wat my dryf om aan te hou met fotografie."

Tydens 'n internskap by Beeld in 2009 het Madelene die eerste keer kennis gemaak met die inwoners van Uncle Ben's Den. Dié veilige hawe vir bejaardes, geestesversteurdes en andere sonder heenkome is geleë in Hermanstad in Pretoria-Wes.

Haar deernis en konneksie met Afrikaanse oumensies het haar keer op keer teruggelok na Uncle Ben's toe waar sy 'n goeie verhouding met die inwoners opgebou het. Dit is tydens hierdie kuiertjies wat die idee begin posvat het om portret-studies van die inwoners te neem in die styl van die Amerikaanse kunstenaar en fotograaf, Chuck Close.

Dié styl probeer om die ware persoon vas te vang en laat geen spasie toe vir verwaandheid nie. Deur die omgewing uit die agtergrond te laat, word mens forseer om na die onderwerp te kyk, in sy of haar oë. Onwillekeurig is daar 'n konneksie tussen die onderwerp en die kyker, en die kyker word gedwing om te wonder wie die persoon in die foto is, wat sy omstandighede is, sy lewe.

Die Uncle Ben's portret-studies gee die inwoners 'n identiteit, 'n spasie vir volwaardige

menswees, en laat die kyker met 'n gevoel van deernis en empatie.

Die kyker word gekonfronteer deur 'n gemeenskap wat swaarkry ken deurdat hulle mens reg in die oë kyk. Dit los die kyker met die ge-voel dat hierdie mense, wie meestal onsigbaar is vir die samelewing, skielik gelykgestel word aan almal. Asof hulle sê "Hier is ek."

Die portret-studies het vir Madelene 'n Profoto Foto-prys besorg in die Beste Portefeulj – portrature, vir 'n Voltydse Student in 2010. Sy vang dan ook graad in hierdie jaar en voltooi 'n internskap by Beeld.


In 2011 begin sy as fotograaf by die Mail & Guardian-koerant in Johannesburg.

"Ek hoop dit is die begin van 'n lang loopbaan in fotojoernalistiek, en dat my werk op een of ander manier iewers mense se lewens kan aanraak."

P

josie BORAIN

TEKS & BEELD: JOSIE BORAIN



"The rat on my shoulder is Gonna. I bought him in Paris. He used to travel with me back and forth between Paris and New York. Self-portrait in the mirror with him."





"I loved to shoot on the street. The first few pics I am with my brother Simon who had just moved to America. He was living in Jersey, but came to visit on weekends. Sometimes we are walking around as one does in NY. We caught the train to Coney Island and spent the day on the beach with MP and Robyn, then back in NY with MP I took two photos of the finished Time Square posters of me and here they are, a graffiti one with my brother Simon with 'Reagan is a Nazi' then I seem to have gone into Studio for a shoot."



"Self-portrait of my crotch at my apartment in Carnegie Hall 1984"



Me at the Ritz in Paris on my bed



nde
rba
ie G
as v
ishc
ure
eter
inst
untr
pani
oge
rug
hap
illic
eloc
OR
avig
te-S
OS
hest
UN
ulic
ich



Hy sê, Sy sê - O, dis dan mos Afrikaans?!

TEKS: ELSIBE LOUBSER MCGUFFOG

'N KERK UIT DIE 1960'S EN DIE GESKIEDENIS SE IRONIE

TEKS: ANDRIES BEZUIDENHOUT

FOTO'S: KARIEN DU PLESSIS & ANDRIES BEZUIDENHOUT

As jy aan 'n mooi kerkgebou dink, kom een wat in die 1960's gebou is waarskynlik nie onmiddellik in die geestesoog op nie. Dalk eerder die Groot Kerk in Kaapstad, miskien Graaff-Reinet of Nieu-Bethesda s'n. Sandsteen of spierwit mure, met mooi detail. Die 1960's was die dekade van ekonomiese voorspoed, maar lelike kerkargitektuur. Strak lyne, klinkersteen, geel-oranje vensterruite – die pretensie van moderne, nasionalistiese Afrikanerdom – 'n volk wat selfversekerd vorentoe kyk. In hierdie dekade is daar egter 'n kerkgebou opgerig wat, ten spyte van nasionalistiese elemente, 'n besonderse argitektoniese prestasie is. Jy vind dit op 'n klein dorpie, genaamd Op-die-Berg, in die Koue Bokkeveld, op die agterpad tussen Citrusdal en Ceres.

Ons het kom kyk hoe die kerkgebou lyk. Op-die-Berg bestaan uit 'n handelaar, vulstasie, polisiestasie, 'n paar huise. Natuurlik ook 'n township op die dorpie se soom. Hier is plante met name soos jakkalsgaring, krulblaarkoorsbos, kaaimanstert, kleintaibos en die giftige klipharpuis. Water loop in skaduwees teen kranse af, flits soms as die oggendson dit vang. Dis waarskynlik die jongste van al die sogenaamde kerkdorpe in Suid-Afrika – dorpe wat ontstaan het rondom 'n boeregemeenskap se behoefte na 'n eie plek van aanbidding. Hier is geen teken

van geboue uit enige tyd voor die tweede helfte van die vorige eeu nie; die dorpie is eers in 1964 gestig. Die hoofstraat loop deur 'n laning bome, nou in herfskleure. Net regs van die hoofstraat af is die kerkgebou. Dis deur die argitek A.P.S. Conradie ontwerp. Hy het die opdrag daarvoor in 1962 ontvang, en die kerkgebou is op 31 Julie 1966 in gebruik geneem.

Die fotograaf David Goldblatt het op 23 Mei 1987 'n foto van die kerkgebou geneem. Twee foto's, om die waarheid te sê: 'n Vooraansig en 'n ander van die binnekant. Vir die foto van die kerk se vooraansig het hy ver terug gestaan. Jy kan die Skurweberge in die agtergrond sien, die kerk se strak lyne in kontras met growwe, grys klippe; die kerk toring se punt wat net verby die berghorison steek.

Mense is lief daarvoor om te sê dat modernistiese argitektuur landskappe domineer. Goldblatt self skryf oor die gebou: "Of the many triumphant churches built in the 1960s perhaps none expressed the spirit of the times with greater conviction and clarity than Conradie's Op-die-Berg. Dominant over the unyielding landscape, it celebrated the ascendancy of the folk and its faith."

Ek weet nie of dit meer die geval is nie. Van waar ek staan lyk dit vir my of enige gebou sal sukkel om hierdie "unyielding" berge klein te laat



lyk. Alhoewel die kerk'n ambisieuse ontwerp het, is dit nogal klein in skaal; kleiner as wat dit op Goldblatt se foto voorkom. Teen die toring kan h mens sien dat die sementwerk al effe begin kraak het. Miskien word die kerk nou eerder 'n monument vir tye waarin "the folk and its faith" in vertwyfeling staan.

David Goldblatt het A.P.S. Conradie in 1994 ontmoet en daarna 'n aantal vrae oor die gebou aan hom gestuur. Conradie het op 19 September 1994 in 'n brief geantwoord, in Afrikaans. Goldblatt het dit vertaal en dit volledig in sy boek *South Africa: The Structure of Things Then* weergegee.

Op 'n vraag oor invloede brei Conradie eers uit oor sy eie agtergrond as kind wat op 'n arm sendingstasie grootgeword het. Sy pa het die pastorie met sy eie hande gebou en het houtwerk gedoen. Hy verwys ook na sy ma se gevoel vir estetika. Die invloed van houtwerk is duidelik sigbaar in die ontwerp van die kerk op Op-die-Berg. Dan skryf hy verder oor die invloed van Frank Lloyd Wright. Interessant genoeg het hierdie Amerikaanse argitek ook uit 'n religieuse huis gekom. Een van sy beroemdste ontwerpe is die kerk van die First Unitarian Society of Madison in Shorewood Hills, 'n voorstad van Madison. Die ooreenkomste tussen Conradie se kerk en hierdie gebou is treffend.

Conradie skryf oor sy waardering vir Frank Lloyd Wright se warmte, vreedzaamheid, funksionaliteit en eerlikheid en hoe hy as Conradie sy eie styl ontwikkel het wat Suid-Afrika se natuurlêwe, klimaat en lewenstyl in ag neem. Hy skryf: "I always had the feeling that he [Frank Lloyd Wright] would have understood my aims and my thoughts, and this gave me tremendous support and also confidence and boldness in my designs in a world in which I was pretty much alone."

Op Goldblatt se vraag oor of hy die landskap in ag geneem het met sy ontwerp, brei Conradie uit oor die verband tussen die Skurweberge en berge in die Bybel – die opslaan van oë na die berge, asook die teks in die ingangsportaal uit

Genesis 22, vers 14: "Op die berg van die Here sal dit voorsien word." Conradie skryf: "For that reason the building had simply to be out of the earth, of the earth. The stone of the area was simply the ideal material to bring about both the growth from the earth and the adaptation to nature. It was simply a fusion of colour, texture and lines." Hy verwys na die ontwerpbeginsele dat vorm funksie navolg en dat die driehoekpatroon die stygende diagonale mure se vorm herhaal.

Goldblatt se laaste vraag is die volgende: "In what way did you give expression to the strivings of the Afrikaner folk in Op-die-Berg?"

Conradie antwoord deur eers te sê dat hy nooit bewustelik probeer het om sy mense se strewe uit te beeld nie. Maar, skryf hy, omdat hy is wie hy is, is daar waarskynlik uitdrukking gegee aan sy gevoel vir die land en sy mense. Die feit dat die kerk deur 'n spesifieke gemeenskap se behoeftes tot stand gekom het – as gemeenskapsgebou – het 'n eie inspirasie meegebring. Die blou in die ontwerp moet miskien gesien word as "die blou van onse hemel", skryf Conradie. Op sekere dae is die lug daar presies die kleur wat in die gebou gebruik is en God is die rots waarop die kerk gebou is, borduur hy voort.

Lees Conradie hier elemente in, wat nie werklik daar was toe hy die gebou ontwerp het nie? Of was die ideologie net só deel van hom dat hy onbewus was daarvan? Ek vind sy gebruik van die woorde "must perhaps be seen" (in Goldblatt se vertaling) veelseggend – 'n kombinasie van die lydende vorm en die woord "miskien", miskien "dalk" in die oorspronklike Afrikaans. Conradie skryf homself as 'n ware agent uit die storie uit. Maak hy dit op soos hy skryf, in reaksie op 'n leidende vraag?

Soos hy skryf blyk hy egter sekerder te word van sy antwoord: "To summarise. It certainly isn't possible to divorce your way of thinking in such a design from what you are as human being. If you were to do that, you would be faithless ["unfaithful" sou dalk 'n beter vertaling wees?] to yourself, your people, and your God. I could talk



with you for a long time over a cup of tea about motives, implications, etc. In the end something like this becomes a confession of who you are, where you have come from, and where you are going. May I conclude by saying that Op-die-Berg is therefore a manifestation of all these things in a person. What stands there is perhaps the deepest essence of the Afrikaner people as I have experienced and witnessed it."

Ons tref 'n aantal gemeentelêde wat tafels dek in die kerksaal aan, almal vroue. Ek sê ek bewonder hulle kerk. Hulle sê mense kom besoek dit gereeld, veral vanuit die Kaap. Dit moet 'n ryk gemeente wees, sê ek, om so 'n kerk te kan bekostig. Die een vrou lag. Dalk lank gelede, sê sy. Tog lyk dit nie of die gemeente heeltemal nek onder die lyf is nie, soos hulle hier rond sou sê. Sy sê hulle sien nie juis die gebou raak nie. In die kerk self is plakkate met die gemeente se doelstellings (of só iets) opgeplak. Kokipen op karton geskryf, met plastiek oorgetrek. Die plakkate breek die ontwerp se vloei. Daar is ook luidsprekers en kameras gemonteer.

Ontwerp gaan oor smaak. My gevoel is dat


die wyse waarop die driehoek- en ruitpatroon herhaal word amper oordadig is. Ek verkies skoner oppervlaktes, lyne wat nie so besig is nie. Tog kan ek nie help om Conradie te bewonder vir die gedetermineerde wyse waarop hy patroon kon deurvoer nie – in bykans elke ruimte, meubelstuk, ornament of hoek.

Ek dink oor die teenstrydighede in A.P.S. Conradie se relaas. Aan die een kant voel hy alleen; dis slegs die gedagte aan wat Frank Lloyd Wright sou dink van wat hy doen wat hom moed en inspirasie gee. Aan die ander kant simboliseer die kerk beide 'n volk en 'n spesifieke boeregemeenskap se strewe. Dalk is daar 'n spanning tussen modernisme as suiwer ontwerp en modernisme as 'n baie werklike, plaaslike projek van selfhandhawing en dominasie.

Modernistiese argitektuur en ontwerp het immers in legio gedaantes voorgekom – kolonialisme, fascisme, kommunisme, ongebreidelde Amerikaanse kapitalisme en die institutionalisme van die Europese welsynstaat. Wat alle modernistiese argitektuur in gemeen het, is 'n afwesigheid van ironie, waarskynlik

MY WOODSTOCK

TEKS: CHRISTINE WESSELS
BEELD: MIKE HUTCHINGS



401

SPECIAL SECTION OF WEEKEND ARGUS/SUNDAY ARGUS,

February 23, 2008.


WOODSTOCK UPPER

2 Bed, delightful townhouse, with lock up carpark, small garden,
R3200 pm incl.

So luid die advertensie wat ek uitskeur en in my dagboek plak. In Maart 2008 trek ek en my twee honde in. Na 29 jaar in oorwegend Afrikaanse voorstede, soek ek na nuwe blyplek met gesellige restaurantjies, koffiewinkels en 'n mengelmoe mense en kulture naby Kaapstad. Ek soek iets anders as waaraan ek gewoond is. Anders as mense wat soos ek praat, dink, lyk en glo. My ouers is skepties oor die nuwe wending in middelkind Wessels se lewe. Hulle kan nie verstaan waarom ek in 'n woongebied wil bly waar meeste van die huisies nie motorhuise het nie en motors op die sygaardjie moet parkeer, gewoonlik sonder

wieldoppe! Hier word huise met elektriese heinings en lemmetjiesdraad omhein. Alles wat van koper is, soos krane, deurhandvatsels en pype, word met plastiek vervang omdat die koper gesteel en verkoop word.

Ek leer gedurende die eerste maand om niks in my motor te los nie, vensters toe te hou as ek nie by die huis is nie, waar die panieknoppie sit drie-uur die oggend as twee manne voor my kamervenster of by my motor staan, of nog erger, reeds in my motor voor my kamervenster sit. Ek leer baie gou om vriende te maak met my bure. Branca and Philomene is Kongolees en leer my om in Frans te groet. Philomene bel in die oggendure as sy 'n ritseling in haar tuin hoor, gereeld spring ek oor Branca se muur om haar wakker te klop en soms verjaag ek kwaadstokers by Philomene se huis. Misdaad is 'n realiteit in Woodstock. Maar as jy die basiese beginsels agter die blad het, soos om jou deur te sluit, absoluut



Woodstock is 'n kleurvolle gemeenskap met 'n ewe kleurvolle geskiedenis.

402



Die Old Castle Brewery is in 1901 voltooi en ontwerp is deur New York argitek H. Steinmann, daar is heelwat foto's van die kasteel op die Woodstock strand, voordat dit droog gelê is.

niks in jou motor te los nie, vriende te maak met jou bure – en dan met sonsondergang met jou honde in die park gaan stap, Duiwelspiek aan die een kant en die hawe en Robbeneiland aan die ander, maak misdaad nie meer saak nie. Dis hier waar ek wil woon.

Net voor sonsopkoms en met sonsondergang roep die muezzin, vanuit die moskee naby my huisie, die Moslems om te kom bid. In die drie jaar wat volg is dit dié man se roepstem soggens en saans, en die reuk van kerrie en vars seelug wat vir my huis geword het.

In die middel van die 18de eeu het hierdie woongebied bekend gestaan as Papendorp, daarna New Brighton en toe Woodstock. Die strand by Woodstock het vir baie skepe wat nie rekening gehou het met die Kaap van Storms nie, 'n finale rusplek geword. Dis op dié eerste strand – wat in 1952 drooggelê is en plek gemaak het vir vandag se N1, geboue en spoorlyne – waar

Wolraad Woltemade se lyk uitgespoel het op 31 Mei 1773. Die De Jonge Thomas het naby die kus gestrand en in twee gebreek. Woltemade het met sy perd die ysige water sewe keer trotseer en veertien mense na veiligheid gebring, maar die agste keer het hy en sy perd agter die deinings verdwyn.

Woodstock strek vanaf die see tot by Duiwelspiek waar Van Hunks volgens oorlewering vandag nog sy pyp stook. Daar word vertel dat Van Hunks 'n afgetrede seerower was wat op dié gedeelte van Tafelberg gesit en pyp rook het toe 'n vreemdeling opdaag en hom uitdaag vir 'n pyprook-kompetisie. Min wetend dat dié pyproke die duivel is! Dus duur die kompetisie steeds voort. As Duiwelspiek onder 'n wolkkombers verdwyn, dan sê Kapenaars: "Van Hunks stook sy pyp."

Gedurende die apartheidsjare het Woodstock onder die Groepsgebiedewet bekend gestaan



Een van die vele kerke in Woodstock wat lankal nie meer in gebruik is nie.

as 'n grys area. Gesels jy met inwoners wat die afgelope 40 jaar hier woon, kan niemand regtig verduidelik hoe dit gebeur het nie, maar dit wil voorkom asof dié gemengde gemeenskap hulle teen die regering verset het, en daarom onaangeraak gebly het. Teen 1975 was Woodstock die enigste gebied in Kaapstad waar enigiemand kon woon en saamkuier.

Die inwoners van Woodstock kon vanaf hul voorstoepe af sien hoe Distrik Ses gelyk gemaak is met die aarde toe dit op 11 Februarie 1966 as 'slegs blankes'-woongebied verklaar is. Ek glo dat dit die dryfveer vir hulle verset was.

Vir ontbyt op 'n laatslaap-Saterdagoggend, is my tafel by Frangipani's gedek. Woodstock is bekend vir frangipani's in byna elke tuintjie, ongeag hoe klein dit is. Paul Le Riche en Sandy Buchanan is deesdae die eienaars van dié ontbythoekie. Die 35-jarige Paul het eers op Worcester en later Vredenburg grootgeword. Hy

woon die afgelope 12 jaar in Woodstock. Dis hier by Frangipani's waar Woodstockers voor werk saamkom en oor 'n koppie koffie hul dae beplan. Paul ken elke klant se naam. Hy weet selfs wie verkies hulle eiers sunny side up, hardgebak of free range. Volgens hom verkies hy Woodstock se uitsig op Tafelberg, Seinheuwel, die hawe en Robbeneiland bo enige glaspaleis se uitsig op Kampsbaai!

Sandy Buchanan, mede-eienaar van Frangipani's woon reeds vanaf 1980 in Woodstock. Hy vertel hoe hy, toe hy 24 jaar oud was, van Namibië Kaapstad toe gekom het om werk te soek. Hy het by 'n Victoriaanse huisie ingestap wat 100 jaar oud was en hardop gesê: "I am home!"

Vir dié twee Woodstockers is hul vriende, klante en bure, hul families.

Nog 'n familie wat al jare in Woodstock woon, is die Parkers. Dis by Top Parker aan die

Versindaba

Jedigte

TEKS:

Amanda Lourens
Joan Hambidge
Linda Hartman
Charl-Pierre Naudé
Bernard Odendaal
Louis Esterhuizen
Marlise Joubert
Gilbert Gibson
Breyten Breytenbach
Daniel Hugo
Louis Jansen van Vuuren
Danie Marais
Andries Bezuidenhout
Andries Samuel

Steaksag op die plank: 'n Blik op vrouedigters

TEKS: AMANDA LOURENS

Om in 2011 oor vrouedigters in Afrikaans te skryf, beteken dat jy die gevaar loop om 'n regurgitasie aan te bied van die bekende en die ooglopende oor die digtende vroue wat hulle in die kaders van die eens baie manlik georiënteerde Afrikaanse poësie kom tuismaak het. Dit is alombekend dat vroue sedert die 1970's aan 'n redelik stugge patriargale tradisie se onderbroek begin torring het, en sedertdien die sedige halle van die kanon ingrypend verander het. Waar vroue dikwels vantevore as verwronge patriargale fantasieë in die Afrikaanse tradisie verskyn het – hetsy Louw se "aardse" vrou vir wie die "hoër, kouer paaie" nie beskore is nie, of Sanni en Elsi as Reitz se monsteragtige feekse – het vroue se eie werk na 1970 toenemend in druk verskyn.

Ons weet ook dat die patriargale manipulasie van vroeë vroulike poësie mettertyd deur die vele nuwe vroulike stemme sedert 1970 ondermyn is. Die skroomvallige nis van "vroulike pendant" (dink maar aan ouer herskrywings wat Eybers tot poëtiese poster girl van die piëtistiese vrou en moeder veroordeel het) is versplinter deur die werk van vrouedigters soos Cussons, Krog, Stockenström, Spies en Joubert. Sedertdien het die Afrikaanse vroulike tradisie die teorie van "writing the body" ook letterlik laat gestalte kry in ikoniese momente soos die menstruasie-/ovulasiekaart in Lady Anne en die voorblad van Verweerskrif, om maar slegs na Krog se oeuvre te verwys. Heelwat chauvinistiese ballas het (hopelik) intussen die onderspit gedelf, sodat Krog se einste "vry fokken vrou" in outentieke vroulike poësie gestalte aanneem – as synde sprekers en karakters.

'n Vraag wat wel nuwe perspektief kan open, is om te vra hóé die manlike tradisie en manlike modelle van poësie kon transformeer na die hibriede, veelkantige en meerstemmige vroulike tradisie wat tans bestaan en wat ook nie deur slegs "vroulike" temas bepaal word nie. Kortom, hoe is die weg berei vir sê maar 'n Ronelda Kamfer wat sosiale en historiese kwessies op 'n manier aanbied wat jou terselfdertyd ontstel en bekoor? (Hoewel ek geensins bedoel dat "vrye" manlike invloed – soos Breytenbach en van sy tydgenote – nie 'n invloed gehad het op die latere vroulike digters nie, wil ek tog hier fokus op die ontwikkeling van 'n spesifieke vroulike tradisie.)

'n Herbesoek aan die "moeders" van die feministiese literatuurkritiek kan help om te verstaan watter aksies deur vroue nodig was om hulle toetred tot en transformasie van die tradisie teweeg te bring. Virginia Woolf se gedagtes in hierdie verband, waarop voortgebou is deur Sandra Gilbert en Susan Gubar se werk in die 1970's, bied 'n perspektief op die prosesse waardeur vroue volle eienaarskap van die pen kon neem.

Virginia Woolf het in haar klassieke essay *A Room of One's Own* (1929) aangedui dat kulturele beelde van die heks of die diwielbesete vrou, vergestaltungen van die gefnuikte vroulike literêre verbeelding is. Binne die patriargale orde van vorige eeue was die vrou wat streef om skrywer/digter te wees, gedoem tot waansin. Sou sy wel tot skrywe kom, sou die teks verwring word deur haar gestriemde en morbiede binnewêreld.

Gilbert en Gubar het in *The Madwoman in*

the Attic (1979) voortgebou op die metafoor van die waansinnige vrou, wat hulle – soos Woolf – koppel aan die patriargale beeld van die kreatiewe vrou as monster. Daarbenewens dui hulle aan, byvoorbeeld deur 'n ontleding van die Lilith-mite, hoedat vroue in hulle verset teen onder meer die patriargale huwelik as demonies getipeer word. Hulle dui dan ook aan dat die tradisionele polêre uitbeelding van die vrou in die literatuur, as óf engel/aardmoeder, óf waansinnige/demon, vroue uit die kulturele ruimte uitsluit, sodat skrywer- en digterskap 'n onbereikbare strewe bly.

Hulle besin egter oor die moontlikhede vir vroue om deur die beperkinge van die patriargie te breek en wêl te begin skryf. Een van die moontlikhede is om die patriargale beeld van “die engel in die huis” uit te wis. Dit kan die vrou doen deur haar daarmee te vereenselwig, dit te assimileer en veral te transformeer. Op dieselfde wyse behoort vroue die beeld van die monster/waansinnige aan te neem en uiteindelik te transendeer. Slegs dan sal die vrouedigter literêre outonomie vind, oftewel, haar eie stem.

Spore van hierdie transformasies is veral te vinde in Antjie Krog se poësie, en ek kyk vlugtig na haar bundel *Otters in bronslaai* (1981), en meer spesifiek die siklus “Die leeu en die roos”, waar laasgenoemde veral as eksemplaar van die ontwikkeling van 'n vroulike poëtika gesien kan word. Louise Viljoen (2009) bestempel “Die leeu en die roos” as die “hoogtepunt van Krog se beheersing van die Opperman-poëtika”, waaruit 'n mens sou kon aflei dat die siklus spore van die manlike stem of tradisie vertoon. Hierdie spore blyk egter in spanning te verkeer met aanduidings van 'n assimilasië en transformasie van sowel die “engel” as die monster-vrou regdeur die bundel – 'n eerste stap tot die transformasie na 'n outonome stem, as mens Gilbert en Gubar kan glo.

Aan die een kant bied die bundel spore van identifikasie met die “engel in die huis”, soos gesien word in die reëls “binne beweeg 'n

vrou van ruit na ruit / so mooi soos sonlig deur wingerdblare”. Tog domineer die transformasie hiervan in talle gedigte, sodat die digter die ondermyning van die patriargale illusie kan eksplisiteer: “kap my ‘beeld as moeder’ steaksag op die plankvloer”.

Die karakter van Susanna in die slotsiklus verbeeld aan die ander kant vereenselwiging met die waansinnige of die monster-vrou, onder meer wanneer sy teen haar onderdanige posisie rebelleer en haar man met aggressiewe seksualiteit tart: “Ek volg jou / waar jy werk, laat my borste in jou ore / vroetel, my dye aan jou penne kwetter ... / maar jy vlug en vlug”. Dieselfde monstergatigheid word bevestig wanneer sy haar intellektuele mag oor hom uitspel:

Ek kan jou soos 'n aasvoël plunder,
Jou preke met beter tekte troef,
Jou dagboek korrigeer;
Ek kan jou uit my lewe skroef
En eenkant smyt ...

Die transformasie van die monster-vrou tot selfstandige poëtiese stem is duidelik met Susanna se uitspraak in die laaste gedig in die siklus: “[...] Maar die pen in my hand / is styf en ek skryf hom nuut ...”. Dit is hierdie skrywe wat oplaas bevryding bring, en Susanna toelaat “[...] om [haar]self kaalvoet uit te skryf / teen hierdie brons geskubde Drakensberg”.

Bronne:
Gilbert, Sandra M. & Gubar, Susan. 2000. *The Madwoman in the Attic*. New Haven & London: Yale University Press.

Krog, A. 1981. *Otters in bronslaai*. Kaapstad: Human & Rousseau.

Viljoen, Louise. 2009. *Ons ongehoorde soort*. Stellenbosch: SUN Press.

Woolf, V. 1998 (1929). *A Room of One's Own & Three guineas* [Internet]. Besikbaar: http://books.google.com/books?id=CoP1GxjoNnsC&pg=PA113&source=gbs_toc_r&cad=4#v=onepage&q&f=false [2011, 14 Julie].

Tendense in die Afrikaanse digkuns

TEKS: JOAN HAMBIDGE

Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde, word daar gesê. Die Afrikaanse digkuns het die afgelope tyd die tendense vertoon wat die afgelope jare al bestendig is: die laaggedig, die praatvers, die beeldig, die liriese vers, die vers verpak met intertekstuele toespelings, gedigte met foto's of sketse in bundels, en so meer.

Versindaba en Litnet plaas gedigte van gevestigde én minder bekende digters. Slipnet het bygekom as 'n forum waarop digters ook kan optree. Daar is die bedenkbare gedigteblyk op Litnet en Woes waar iets wat soos gedigte lyk eweneens geplaas kan word. Daar is tans 'n geweldige hoeveelheid gedigte aanwesig en Pablo Neruda se siening dat daar geen digters is nie, maar alleen 'n digkuns, word dalk ondermyn deur die internet se gebrek aan keuring en die feit dat “digters” op sekere nimmtes teen betaling hulle skryfsels kan sien.

Die ingeligte leser kan egter steeds bloemeslesings en bundels van Human & Rousseau, Tafelberg, Quellerie, Protea en Lapa aanskaf, wat te midde van hierdie woerdevloed, die net in die see gooi en werklike groot visse vang tussen die krappe, sardientjies en aas.

Breyten Breytenbach en T.T. Cloete het die afgelope tyd met allmagtige bundels na vore gekom: Die beginsel van stof en Onversadig. Dat twee sulke kragte steeds wroet, skep 'n werklike standaard waaraan jonger digters hulself kan

meet. Johann de Lange is tereg bekroon met die Hertzogprys vir Die algebra van nood, 'n bundel met ryk toespelings op onder andere N.P. van Wyk Louw en Sheila Cussons se werk.

Bekendes lewer soos Lina Spies, Johann Lodewyk Marais, Martjie Bosman, Louis Esterhuizen, Marlise Joubert, Gilbert Gibson, Daniel Hugo, lewer steeds gedigte. Daar was 'n ATKV-veertjie vir Gibson.

En jong stemme is daar ook wat in 2010 en 2011 gepubliseer is: Martina Kloppe se Nadoodse ondersoek, Andries Samuel se Wanpraktijk, Fourie Botha se Donkerkamer en Jasper van Zyl se Die lewe tussen pikkewyne. Louis Jansen van Vuuren se Tempermes het die kritiek onkant betrap met 'n handvol sterk beeldende verse.

Dan is daar ook Danie Marais, Charl-Pierre Naudé en Loffus Marais wat hopelik met sy tweede bundel weer sal verras. En Ronelda Kamfer bly bekoor.

Tematies dig ons digters oor alles onder die son: liefde, dood, egskeiding, stede, reise, passies en passasies, die natuur, Afrika, geweld, vrees, angs, ouers en ouerskap, verslawing ...

Ons Nuwe stemme-reëks is ook 'n ruimte waar jongelinge met verse kan aankom en hier het ons die besondere talent van Lewies Botha al gewaar. Die keuring word behartig deur 'n jonger en gevestigde digter wat uiteraard 'n goeie balans verseker.

Die jonger digter kan waarskynlik 'n Bibi Slippers se 'Facebook-gedig' begryp, terwyl die ouer digter 'n meer "outydse" of "gevestigde" aanslag nie sal miskyk nie.

Werkswinkels, slypskole, skryfskole of MA-kursusse in kreatiewe skryfwerk het ongetwyfeld 'n impak gehad op die Afrikaanse digkuns. Nie alleen het dit digters met talent gelewier nie soos Carina Stander, Loftus Marais, Martina Botha, Fourie Botha (en in die publikasielyn: Aniel Botha) nie, maar jong digters word die geleentheid gebied om onder 'n bekende digter te werk en 'n portefolje af te rond.

Wat digters dus in die jare 80 op eie stoom en in 'n langer tyd self moes uitvind deur leeswerk, gebeur nou vinniger. 'n Gedig verskyn bykans onmiddellik op 'n webruimte; 'n jong digter moes dikwels drie maande, selfs langer wag op 'n publikasie in Standpunte of Tydskrif vir Letterkunde. Met 'n vriendelike nota van wyle Ernst van Heerden of Elize Botha. En gedigte is streng gekeur, omdat daar beperkte ruimte was vir poësie. Op Litnet is daar ook skryfskole en sowel jong as gevestigde digters gee raad oor hoe om te dig en wat om te lees.

En hierdie aspekte, naamlik werkswinkels/slypskole en vinnige publikasie op die internet, gaan gewis 'n impak hê op die digkuns. Dis nie iets wat ons nou al sal kan bepaal nie, maar die vraag wat bly huiwer, is: sal die jong digter sonder hulp met 'n tweede of derde bundel die mas opkom? Sal digters na 'n blitsblootstelling op die internet bereid wees om 'n bundel alleen af te werk?

Ook die impak van Facebook, die internet, e-posse en die vinnige verkeer, mag dalk die aard van die gedig radikaal verander. Wie sal nog belang stel in die tegelykertyd-aspek van die gedig, wat oor twee sake handel en wat speurtogte, toespelings, semantiese implikasies insluit?

Binnkort verskyn Johann de Lange se bundel Weerlig van die ongeloof by Protea. Die kort gedig as weerlig, as vinnige impak, sonder om gehalte in te boet. En dis teen die bakens van

Breytenbach en Cloete wat ons steeds gedigte kan meet.

Die digter Daniel Hugo het nou onlangs in 'n radio-onderhoud opgemerk dat Afrikaanse lesers eerder gedigte wil hoor as lees. Optredes van digters (met of sonder die kitaar) by Woordfeeste en Versindaba-aande lok deesdae toekouers en digters het rockstars geword, soos Antjie Krog al opgemerk het.

Digters verskyn ook op Poetry International se webruimte en Gert Vlok Nel tree steeds in die Lae Lande op. Johann de Lange se vertalings van digters op sy Kaapse paragrawe bring Engelse digters huis toe en stel Afrikaanse digters weer aan die buite-leser bekend.

Daniel Hugo vertaal uit Nederlands en Kopland is nou onlangs vir die Afrikaanse leser toeganklik gemaak.

Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde?

Al die radikale veranderinge wat aangestip is, het bepaald die digkuns verander. Die voormalig eensame digter is nou 'n rockstar wat optree op die internet en in vele tale (en gedaantes) sy of haar stem dik maak. Vir party lesers is hierdie nuwe tendense nie aanvaarbaar nie en hulle keer terug na die klassieke digters in Afrikaans. Vir ander lesers beteken dit groei. Of die groei egter altyd vernuwend en verbeterend is, sal nie eenstemmige reaksies ontlok nie. Tyd is waarskynlik maar steeds die finale oordeel of kritikus. Inmiddels kan ons geniet aan die parlando en die laagvers. Hoe meer dinge verander, hoe meer sal dit verander, verander...

Marlise Joubert

webmeester van Versindaba

TEKS: LINDA HARTMAN

Marlise, die Versindaba-webblad waarvan jy die webmeester is, het sy aanloop gehad met die jaarlikse poësiefees op Stellenbosch waarmee jy in 2005 begin het. Watter oogmerk het jy met hierdie fees(te) gehad?

Die jaarlikse Versindaba poësiefees het spesifiek op die Afrikaanse digkuns gefokus. Die oogmerk was nie net om blootstelling te gee aan gevestigde en ontlukende digters van wie daar nuwe bundels in 'n betrokke jaar verskyn het nie, maar ook om as waarmerk te dien van die stand van die Afrikaanse digkuns soos dit daardie betrokke jaar daar uitgesien het. Let wel, hierdie fees is begin saam met Louis Esterhuizen, sonder wie dit nie tot stand sou gekom het nie! Ons oogmerke was uiteraard aktualiteit sowel as verskeidenheid.

Die fees het elke jaar op iets anders gefokus. Soms was dit byvoorbeeld die poësie as liriek, en soms weer die naasbestaan van poësie en die visuele kunste. Behalwe digters wat hulle voorlesings gegee het, was daar ook woordkunstenaars, musiekuitvoerings van toonsettings van gedigte en intellektuele pitkos soos paneelbesprekings, onderhoude en lesings. Elke jaar het Protea Boekhuis ook 'n bloemlesing geborg waarin die deelnemende digters se gedigte gepubliseer is.

In 2009 het jy met die Versindaba-webblad begin, en terselfdertyd die fees organisatories aan die US Woordfees oorgegee. Hoekom het jy ten gunste van die internet as platform besluit?

Ek het aanvanklik onder die dekmantel van die Versindaba poësiefees 'n nuwe webblad vir Afrikaanse digkuns tot stand gebring toe my skoonseun in Cambridge, Engeland, vir my bandwydte geskenk het as verjaarsdaggeskenk! My aanvanklike doel was om die jaarlikse naweekfees wat op Stellenbosch aangebied word te adverteer, om aan die gevestigde sowel as ontlukende digters sedert 2005 blootstelling te gee deur middel van biografiese besonderhede, hulle gedigte wat geplaas word, plus foto's van almal.

Die nuwe webblad, waarmee ek en Louis (as Inhoudsbestuurder) meer as twee jaar gelede begin het, se oogmerk was presies dieselfde as met die fees: om die dinamiese aard van die Afrikaanse digkuns ten opsigte van gehalte en verskeidenheid te reflekteer soos dit op daardie tydstip lyk. Hierdie webblad het natuurlik onder my vingers uitgegroeï en al hoe meer afdelings op die blad het ontstaan. Net soos met die fees is daar slegs digters van wie daar in die onlangse verlede digbundels verskyn het, of binnekort gaan verskyn, by die projek betrek.